# Die Bedreigings van die Verbond

In God se verbond is daar nie slegs beloftes en eise nie. Hy dreig ook. Ons kan alreeds in die Ou Testament daarvan lees. Wanneer die Here sy verbond met Abram gesluit het en hom beveel het om voor sy aangesig te wandel en sy verbond te hou deur almal wat manlik is te (laat) besny, dan voeg God ook dadelik in dieselfde asem by: '*En wat manlik is en die voorhuid het, wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie – dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word: hy het my verbond verbreek*' (Genesis 17:14). So gaan die beloftes en eise gepaard met dreigemente. God stel straf in die vooruitsig vir wie aan Hom ongehoorsaam is en nie volgens sy verbondsverordeninge wil lewe en optree nie. Dit loop uit op verbondsbreuk, dat daar iemand uitgeroei, uitgekap word uit die verbond en genadeverhouding met God. Iemand wat nie die verbondsbeloftes aanvaar en die verbondseise nakom nie, ontvang nie die lewe nie maar loop reguit die verderf tegemoet. Dit klink helder op deur die hele Deuteronomium 28 en 29 heen: '*As jy dan goed luister na die stem van die Here jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde*' (28:1). Maar net so hard dreun die woord:

> *'Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal: …sodat daar onder julle geen man of vrou of geslag of stam mag wees wat sy hart vandag van die HERE onse God afwend om die gode van dié nasies te gaan dien nie … Die HERE sal hom nie wil vergewe nie, maar dan sal die toorn van die HERE en sy ywer teen dié man rook … En die HERE sal hom tot sy ongeluk van al die stamme van Israel afskei volgens al die vloeke van die verbond wat in hierdie wetboek geskrywe is.'*
>
> (28:15; 29:18,20,21; vgl. Levitikus 26:14-18,25)

Dit blyk dat die doel van die dreigemente is om die volk, die verbondshouers tot inkeer en bekering te bring, want dan sal God die straf en die vloek wegneem en aan sy trou en verbond dink, dan sal Hy sy beloftes steeds as geldig beskou (sien Levitikus 26:40-46).

Die profete van die Ou Testament vertel van sowel ontrou as verset teen die HERE God, van sowel vormgodsdiens as skynheiligheid onder die bedreiging van God se verbond (sien Jeremia 7:21 e.v.; Jesaja 1:11 e.v. ens.).

In die Nuwe Testament hoor ons Jesus sê: '*As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand*' (Johannes 15:6). Ja, noudat die beloftes 'kragtiger' is en die verbond 'beter' is vanweë die bloed van die Middelaar wat vergiet is, is die verantwoordelikheid van die bondelinge nog swaarder. So skryf die outeur van die Hebreërbrief:

> *'Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het? Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.'*
>
> (10:26-32; vgl. 12:25-29)

Die Hebreërs loop gevaar '*dat van hulle wat deur Christus se verbondsbloed geheilig is, hierdie verbondsbloed verag, sodat hulle die nuwe verbond van hulle kant af verbreek en God se verbondswraak oor hulleself bring*'.

Daar is dus vir diegene wat deel is van God se verbond nooit ruimte vir halfhartigheid ten opsigte van die verpligting om die verbondseise na te kom nie. God het sy oordeel reeds uitgespreek oor alle verbondsongehoorsaamheid en -ontrou. Vandaar die oproep in prediking en bediening om langs die weg van die geloof en bekering in te willig tot die verbond en te doen wat die HERE God van sy volk vra.

T Brienen

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Lize Kampman vertaal.*